Pretoria- 18 Aug. 2013

Skriflesing: Psalm 53; Romeine 10
Teks: Ps. 53:2; Rom.10:9-10
Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 1**
Sing- Ps. 32:3 Ps. 53:1,4; Ps. 91:7

Psalm 53

Psa 53:1 Vir die musiekleier; op die wysie van: "Máhalat." ‘n Onderwysing van Dawid.
(53:2) Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie! Hulle het sleg gehandel en hul onreg afskuwelik gemaak; daar is niemand wat goed doen nie.
Psa 53:2 (53:3) God het uit die hemel neergesien op die mensekinders om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra.
Psa 53:3 (53:4) Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, ook nie een nie.
Psa 53:4 (53:5) Het die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie, wat my volk opeet asof hulle brood eet? Hulle roep God nie aan nie.
Psa 53:5 (53:6) Dáár het skrik hulle oorweldig sonder dat daar skrik was; want God het die beendere verstrooi van hom wat jou beleër het; jy het hulle beskaamd gemaak, want God het hulle verwerp.
Psa 53:6 (53:7) Ag, mag die verlossing van Israel uit Sion kom! As God die lot van sy volk verander, dan sal Jakob juig, Israel sal bly wees.

Romeine 10

Rom 10:1 Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding.
Rom 10:2 Want ek getuig van hulle dat hulle ‘n ywer vir God het, maar sonder kennis.
Rom 10:3 Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.
Rom 10:4 Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.
Rom 10:5 Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.
Rom 10:6 Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring;
Rom 10:7 of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring?
Rom 10:8 Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:
Rom 10:9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;
Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.
Rom 10:11 Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.
Rom 10:12 Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep.
Rom 10:13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.
Rom 10:14 Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?
Rom 10:15 En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!
Rom 10:16 Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja het gesê: Here, wie het ons prediking geglo?
Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.
Rom 10:18 Maar ek sê: Het hulle miskien nie gehoor nie? Ja, seker! Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hulle woorde.
Rom 10:19 Maar ek vra: Het Israel dit miskien nie verstaan nie? Ten eerste sê Moses: Ek sal julle jaloers maak op dié wat geen volk is nie, en Ek sal julle toorn opwek teen ‘n onverstandige volk.

Rom 10:20 En Jesaja durf selfs sê: Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie;
Ek het verskyn aan die wat na My nie gevra het nie.
Rom 10:21 Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n
ongehoorsame en teësprekende volk.

Artikel 1 NGB
DIE ENIGE GOD
Ons glo almal met die hart en bely met die mond(1) dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem(2). Hy is ewig(3), onbegryplik(4), onsienlik(5), Onveranderlik(6), oneindig(7), almagtig(8), volkome wys(9), regverdig(10), goed(11) en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is(12).

Skriflesing: Psalm 53; Romeine 10
Teks: Ps. 53:2; Rom.10:9-10
Nederlandse Geloofsbelydenis: **Artikel 1**
Sing- Ps. 32:3 Ps. 53:1,4; Ps. 91:7

Broeder en suster, seker een van die swaarste dinge in die lewe is wanneer ek graag iets wil duidelik maak, maar mense gee jou nie geleentheid daarvoor nie. Daar word so baie verkeerde dinge die wêreld ingestuur en al wat jy graag wil doen, is om aan die wêreld te bewys dat dit wat julle sê is nie waar nie! Jy wil graag gehoor word… in werklikheid kom dit daarop neer jy wil belydenis aflê oor wat aan die gang is maar hoe kan ek dit regkry?!

Ja, om te bely is eintlik 'n woord wat met regspraak verband hou. Dit gaan daaroor om te "getuig" of 'n "getuie te wees". Dink maar aan Job verlede Sondag.... Jy verklaar iets of jy neem 'n bepaalde standpunt in. Jy aanvaar dan ook verantwoordelikheid vir wat jy sê. Dit dra dan ook die krag van 'n belofte. Ons sien iets hiervan in Mat.14:7 as Herodes voor die dood van Johannes die Doper aan die meisie Herodias 'n onderneming gee - ***7*** *… hy (het) met 'n eed beloof om haar enigiets te gee wat sy sou vra.* Die belofte wat ons in Hand 7:17 van lees dra dieselfde krag- ***17*** *En namate die tyd van die belofte wat God aan Abraham met 'n eed beloof het, nader kom, het die volk toegeneem en vermeerder in Egipte.*

Dit is iets wat openlik gebeur, dit is iets wat ernstig is, dit hang dikwels met jou eie persoon saam waarby jy sal staan en val… ja nog 'n belangrike aspek by 'n belydenis is om te bewys ek praat nie namens myself nie. Daar is 'n band van eenheid wat ek deur hierdie belydenis met ander gelowiges kan aantoon. Ons word deur die belydenis aanmekaar gebind, ons vat as't ware hande en hierdie greep waarmee ons mekaar kan vashou is ingebed in wat ons belydenis is. Ons wil aan die wêreld kan aantoon dit is wie en wat ons werklik is, dit is wat

ons glo. Die wêreld moet nie hulle eie opgestelde idees oor ons voorhou nie. Die wêreld moet weet wat ons glo.

Daarmee saam is die belydenis bedoel om dwalinge te weerlê. U ken seker die uitdrukking- "elke ketter het sy letter"- die belydenis wat ons voor oë het, wil 'n wapen wees teen dwalinge. As iemand iets sê waarmee ons nie saamstem nie, dan doen ons 'n beroep op ons belydenis dat so verstaan ons die Woord van God, ons bely dit gesamentlik, ons verstaan dit beslis nie soos wat jy dit nou wil duidelik maak nie. Daarom glo ons dat die belydenis is niks anders as 'n samevatting van Bybelse waarhede nie. Dit wat in die Bybel op klomp plekke, vanuit verskillende skrywers en agtergronde kom, dit wat maak dat ons altyd die Bybel in sy konteks moet lees en nie maar sommer 'n klomp los versies aanmekaar koppel nie. Daarom is die belydenis 'n samevatting van die inhoud, die karakter, die verbande van verskillende Skrifgedeeltes, maar soos wat die gedeeltes met mekaar vergelyk word en met mekaar ooreenkom ontstaan dan 'n belydenis dat op grond van hierdie en hierdie Skrifgedeeltes het ons gesamentlik tot hierdie ooreengekome slotsom gekom wat ons die waarheid hiervan soos volg saamvat. Presies is al hierdie dinge ter sprake nog voor ons die Nederlandse Geloofsbelydenis oopmaak.

Ja, ons het gepraat van hoe moeilik dit is as jy iets wil sê maar mense gee jou nie geleentheid nie of mense wil jou verkeerd verstaan. Hulle maak hulle eie afleidinge oor dinge wat jy beslis nie só bedoel het soos hulle dit verstaan het nie en daardie eie idees word nou as die waarheid voorgehou. Dan word dit jou woorde dat jy kwansuis so iets sou gesê het, maar ek het dit eintlik glad nie gesê soos dit nou voorgehou word nie. Daarna dan kry jy gewoonlik moeilik die feite reggestel of jy kry gewoon geen kans om jou kant wéér te stel nie.

***

Hierdie swakke menslike toedrag het baie met die ontstaan van die Nederlandse Geloofsbelydenis te make. Guido de Bres, ons kan hom beskou as 'n hoof opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis . Hy is in 1522/1523 in Mons België , ander sê weer, hy is in Bergen, wel in 'n Rooms Katolieke huis gebore. De Bres sien die eerste lewenslig ses jaar ná Luther die 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg in 1517 vasgespyker het wat in beginsel beskou word as die begin van hoe die Rooms-Katolieke dwalinge die een na die ander blootgelê was. De Bres was maar klein toe die reformasie begin het maar sy geloof het gou geblyk nie klein te wees nie. Gewone mense was nie toegelaat om die Bybel te lees nie, tog het De Bres 'n honger na die Woord van die Here gehad.

As jongman besef hy sy eie verlore toestand maar watter blydskap om te weet Jesus het gekom vir één soos hy. Jesus het gekom om sondaars salig te maak. Op 1 Jul 1523 is in Brussel 'n skavot opgerig waar getuies van die gereformeerde geloof die marteldood sterwe. Die eerste drie wat daar tereggestel was, was oorspronklike monnike gewees- Hendrik Voes, Johannes van Esch en Lambertus Thorn. Hulle wat Luther gevolg het, het vir hulle belydenis die hoogste prys moes betaal. Met hierdie bloedbad van getuies is daar jare en jare in Nederland nie end gekry nie. Baie brandstapels, baie galge word mettertyd oor die hele Nederlande opgerig om gereformeerdes vir hulle geloof dood te maak.

Al die vervolginge het begin omtrent die tyd wat De Bres gebore was. Soos hy opgroei so word die martelare meer en die martelinge word al hoe erger. Toe De Bres 25 jaar oud was word die vervolging *van* die Protestante so hewig dat hy ook in 1548 na England vlug. Daar was eintlik al vanaf 1544 'n Nederlands sprekende gemeente in Londen, almal mense wat uit die Nederlande gevlug het, wat toe Holland en België ingesluit het, wat daar vir hulle geloof bymekaargekom het. Dit was vir De Bres 'n leerskool met die oog op sy latere predikant bediening.

In 1552 keer hy terug na die Nederlande, nou 29 jaar oud en hy bedien die Woord van die Here, maar die vervolging is nog net so aan die gang. Sy gemeente is toe Lille waar hy 'n boek skryf (uit die Frans vertaal getiteld *Die wapen van die Christelike geloof),* spesifiek om die Rooms-Katolieke dwalinge te weerlê. Hy neem ook sterk standpunt in teen die Wederdopers. In 1556 word die vervolging weer so erg dat hy moet vlug, toe na Frankfurt am Main en wil dit lyk dat hy hier vir die hervormer a'Lasco en dan nou ook vir Johannes Calvyn persoonlik leer ken het.

***

Natuurlik het hy al baie van Calvyn gehoor, gelees, geleer, want Calvyn se Institusie het die eerste uitgawe darem al 20 jaar vroeër, in Maart 1536 die eerste keer verskyn. In dieselfde tyd gaan De Bres as student van Calvyn intensief met sy werke om. De Bres gaan later self na Switserland waar hy in Genève by Beza en Calvyn klasse ontvang. Hy keer eers weer in 1559 na die Nederlande terug en tree in die huwelik met sy geliefde Catherine Ramon.

***

Nou begin die Nederlandse Geloofsbelydenis werklik vorm te kry. As basis gebruik De Bres 'n baie bekende belydenis uit daardie tyd die Confessio Gallicana wat in 1559 in Frankryk

ten volle in gebruik was. Hierdie Franse belydenis was eintlik maar die grootste deel uit die hand van Calvyn. Tog wil hy die Franse belydenis nie net so oorneem nie, want sy land en sy mense het hulle eie swaarkry, hulle eie identiteit, hulle eie behoefte aan wat hulle beleef en waaraan 'n belydenis moet kan voldoen. Daar was in alle geval in daardie tyd groot argwaan tussen die Hollanders en die Franse aan die gang. Net 'n vertaalde Franse belydenis sou nie deug nie.

Nog 'n rede wat De Bres en ander predikante wat hom bygestaan het, aangevoel het, is dat die Franse belydenis is nie sterk genoeg teen die Anabaptiste gemik nie. De Bres het gevoel daar moet pertinent teen hulle gepraat word waar hy oortuig was hierdie belydenis moet die diepgaande verskille tussen die gereformeerdes en die anabaptiste (wederdopers) aantoon. So kom die Nederlandse Geloofsbelydenis tot stand.

Die vervolging is steeds hewig aan die gang. Filips II, koning van Spane het die Nederlande ook onder sy beheer gehad. Hyself was 'n fanatieke Rooms-Katoliek. Hy is die man wat met alle mag en middele tot sy beskikking die protestante teëgegaan, hy wou hulle uitroei. Ja, hierdie donker bloedige tyd het die Nederlandse Geloofsbelydenis gestalte begin kry.

Met die voltooiing van die belydenis doen De Bres iets besonders. Hy was maar 38 jaar oud, heel aan die begin van Nov. 1561 sluip hy in die nag na die koning se kasteel en gooi hy oor die kasteelmuur van Doornik 'n volledige uitgawe van die Nederlandse Geloofsbelydenis met 'n begeleidende brief. In die brief smeek hy die koning om die vervolginge te beëindig. Hy wys dat hulle geen politieke opstandelinge, geen rewolusie stokers geen moeilikheidmakers wil wees nie. (Hulle is nie die Malema van hulle tyd, dit waarvoor hulle uitgemaak word nie). Hulle wil maar het kinders van die Here wees, in vrede en liefde wil hulle ooreenkomstig die uitsprake van die heilige evangelie leef. Om te bewys wat hy in sy brief sê heg De Bres dan 'n volledige weergawe van die Nederlandse Geloofsbelydenis aan.

Ja, vir die tyd het De Bres gedoen wat ons aan die begin gesê het dat om 'n belydenis op te stel is om regspraak te doen. Is om gehoor te word, is om verkeerdhede reg te stel, is om te pleit en te getuig vir dit wat jy glo, jy staan op vir wat die waarheid is. Dit gaan om standpunte wat nie net verantwoordbaar gestel word nie, maar jyself aanvaar verantwoordelikheid vir wat jy hier sê! De Bres wou met hierdie belydenis aan die regering van sy dag bewys dit wat julle ons aandoen, dit wat oor ons gesê word, dit wat julle idee oor

ons is, is op geen manier waar en geregverdig nie. De Bres stel dat hy namens meer as 100 000 gelowiges in Nederland praat.

Die uitwerking wat De Bres gehoop het sy optrede en belydenis sal veroorsaak gebeur net die teenoorgestelde. In 1562 word De Bres uit sy skuilplek in Doornik uitgehaal waar daar nog 240 eksemplare van die Nederlandse Geloofsbelydenis in sy besit was. Dit alles word hom ontneem, sy hele biblioteek is vernietig. De Bres het ternouernood ontkom en het hy weer kon ontsnap waar hy vanaf 1563-1566 onder skuiling van ’n hertog beskerming geniet het. Die hertog Henri-Robert de la Marck van Bouillon laat De Bres ’n sleutelrol speel in onderhandelinge met die Lutherane om te poog of die Lutherane en die gereformeerdes in Nederland nie een kan word nie. Die eenheid moet ook weer in ’n belydenis figureer. Dit was die plan. Ongelukkig het die eenheid toe nooit gerealiseer nie.

***

In 1566 gaan De Bres via Doornik na Valanciennes saam met nog ’n predikant Perigrin de la Grange. Daar het hulle groot sukses om die reformasie uit te brei. Spaanse troepe het egter die stad omsingel en na beleg van ’n paar maande moes almal daarbinne oorgee. Weer kry die predikante gevlug maar die keer is hulle gou gearresteer en in die tronk gesit. De Bres skryf aan sy jong vrou uit die tronk die mees aangrypende briewe. Die getuienis van sy geloof wat hy voor gelewe het, is die briewe vol geskryf. Hy praat met haar oor hoe belangrik dit is om standvastig te wees en hy gee duidelike blyke van sy heelhartige oortuiging van die Gereformeerde leer, al moet hy nou vir hierdie leer “boet”. Ja, dit het hom sy lewe gekos. Met sy medebroeders is hy op 31 Mei 1567 is hy opgehang en gewurg.

As ons in die volgende tyd na die Nederlandse Geloofsbelydenis kyk moet u voortdurend onthou aan die belydenis kleef die reuk van die martelaarsvure. Hierdie is ook maar weer ’n staande bewys dit wat Tertullianus so vroeg as voor 200nC gesê het- Die bloed van die martelare is die saad van die kerk...

***

Broeder en suster, die vraag staan vas- Wat beteken dit om te bely? Die woord bely of die gedagte daarrondom staan op baie plekke in die Bybel Mat. 10:32**- *32** *Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.* Mark 8:38- **38** *Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele..* 1 Pet. 3:15- ***15** Maar heilig die Here God in*

julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees; Rom 10:10 - *10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.*

\

Ons het Art 1 van Die Nederlandse Geloofsbelydenis vandag gelees. So begin De Bres hierdie belydenis. Dit is duidelik die hoofsin van sy eerste artikel kom uit Rom.10. Hy probeer om geen manier bewyse lewer dat God bestaan nie. GOD IS DAAR- aanvaar dit eenvoudig... jy, ons moet dit glo...! Die feit dat God daar is word eenvoudig in die geloof bely. **Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem...** In die meeste ander belydenisskrifte is die begin persoonlik enkelvoud- EK GLO. Dit is baie belangrik om jouself voor God te stel. Soos daar in 2 Kor. 13:5 staan dit moet ons doen- **5** *Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef.* Toe De Bres met die hoogste prys vir sy belydenis betaal het, was dit nie uitgesluit dat hy gesê het- Ek glo... Hy het gesterf vir sy persoonlike geloof en belydenis. Voor God en die mense was dit- *Ek glo...*

Tog begin hy die belydenis met ONS GLO. Al hoekom hy in die meervoud praat is omdat hy weet daar 100 000 ander in sy land is, in sy tyd wat saam met hom dit wil sê wat hy in hierdie belydenis gaan sê. Hy begin ook nie deur te sê ons glo met die hart maar ons sal dit nie durf waag uitspreek nie, want dit is te gevaarlik. Née! Dit wat in die hart is, moet uit. Sy mond sal nie stilbly nie. En dan gaan dit in die eerste artikel hoe dink jy in jou hart oor God en hoe spreek jy jou geloof uit. Wat is die plek van God in ons lewens? Wie is Hy vir ons? En dit gaan nog verder. Nie net Wie is Hy vir ons nie, maar Wie is Hy voor die wêreld? Hoe moet Hy geken en hoe moet Hy gedien word?

Dit laat ons besef of jy jonk of oud is, ons moet onsself die vraag afvra het ek werklik ’n honger en ’n begeerte om hierdie woorde agter Guido de Bres aan te sê? Dit moet nie net lippetaal wees nie maar die hart is in art 1 jou hele menswees. Jou diepste, diepste binnekant! Al jou eienskappe, liggaamlik, verstandelik sielkundig moet jy meespreek, die verstand, die wil, die gevoel... Ons sou nog baie hierop kon uitbrei . Daardie diepste begeerte wat Paulus in Rom 10 uitspreek dit deurleef ons ook hier. Die hart, die mond praat saam. Ons glo almal...ons bely almal. Al brand die vuur wat my oor hierdie belydenis wil verteer al is die skavot (die bloedstellasie) opgerig wat my liggaamsdele vanmekaar losskeur, hierdie

belydenis sal nie van my afgeskeur word nie. Ons word soos skape na die slagplek gelei maar ons geloof bly dieselfde.

Om so ’n sterk uitdrukking te gebruik soos De Bres in art 1 hier noem is nie net ’n belydenis nie maar ook ’n getuienis. Die hart en die mond. Maak nie saak wie ons voor hierdie getuienis plaas nie, hiervoor sal ons sterf. Die pous, die keiser, die koning, die heersers moet dit hoor.... Waar die hart van vol is loop die mond in alle geval van oor... Dit is hoe hulle oor hulle geloof geglo en gepraat het. Dit wat die Here in Lukas 12 sê, word toegepas... ***8*** *En Ek sê vir julle: Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele van God.* ***9*** *Maar hy wat My verloën voor die mense, sal verloën word voor die engele van God.* Die uitleef van ’n boom word aan sy vrugte geken word waarlik geglo.

In die Ou Testament word die uitdrukking “glo” of “geloof” maar 30 keer spesifiek hierdie woorde gebruik. In die Nuwe Testament verander hierdie hele prentjie. Dan kom die geloof of dit wat ek doen deur te glo meer as 500 maal voor. Ons sou baie op hierdie geloof kon uitbrei.

Dit sal ons DV in die weke rondom die Nederlandse Geloofsbelydenis wil doen. Al wat ons besef om te praat van God is ’n enige God, Hy is enkelvoudig daaroor sal ons weer na moer terugkom. Inkort kom dit daarop neer. Hy is die die enigste God. Daar is geen ander God nie. Hy is nie maar een in ’n ry van gode nie! Dit is die eerste en belangrikste as ons sê God is enig wat bedoel Hy is die enigste maar die uitdrukking wys ook op sy uniekheid. Hy kan met niks vergelyk word nie. Hy is enig wat die Nederlandse Geloofsbelydenis sê Hy is enkelvoudig wat ons belydenis oor die Drie-Eenheid van God voor ons plaas. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is nie drie afsonderlike Gode nie. Konsekwent word in God se Woord van Hom in die enkelvoud gepraat. Hy is God nooit staan daar “hulle is Gode nie”! Daar kom enkele gevalle voor en dan praat God in di eerste persoon meervoud waar Hy na Homself as “ons” verwys.

Met hierdie eerste artikel wat kort is staan hier eintlik so baie dinge. Ons kan dit onmoontlik vandag alles by uitkom. Om God te ken is die grootste voorreg wat daar kan wees. Om in Hom die ewige lewe te hê kan woorde nie beskryf nie. Die liefde wat Hy vir ons sondaarmense betoon kan geen begrip van gevorm word nie. Daarom dat die eienskappe wat in Art 1 genoem word plaas ons voor die geheimenis van God se andersheid. Van Hom mag

ons nie aards dink nie. As u nou mooi lees dan is die Nederlandse Geloofsbelydenis so saamgestel deur te wys op wat Hy nie is nie, terwyl ons nie in woorde heeltemal kan saamvat wat Hy wel is nie.

Hy is nie aards of stoflik nie, Hy kan nie met ons sintuie gesien word nie. Ons eie gees kan nie met sy Gees vergelyk word nie. Ons is geskape wesens, Hy is ewig, ongeskape, alomteenwoordig. Hy is soos wat Hyself aan Moses gesê het/ EK IS WAT EK IS. Nie plekgebonde nie, nie tydgebonde nie, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, wys, regverdig, goed, die hoogste goed, die handhawer van alles wat goed is... Hy doen ook goed. Die Bybel begin met die skepping om te wys wat Hy goed geskape het. Watter voorreg om aan die hand van die God hierdie belydenis in te gaan. Met Asaf kan ons dit stamelend uitroep. U het my regterhand gevat. U sal my lei deur U raad. Mag dit ons gesindheid wees met die pad wat ons deur die Nederlandse Geloofsbelydenis sal wil stap.

AMEN